St Paulus Preprimêre en Primêre Skool
NUUSBRIEF

(012) 804-9670
(012) 804-5039

Mev M. Gorst-Allman

www.saschools.co.za/stpaulus

Nr. 2

22 Januarie 2010

Beste Ouers

OUER INFORMASIE-AAND

Daar was groot getalle ouers, wat bemoedigend is aangesien dit leerkragte in staat stel om die belangrike interaksie tussen huis en skool in verskillende grade en klasse, oor te dra. Soos leerkragte aan u verduidelik het is die Huiswerk Dagboek 'n maklike manier van kommunikeer. As daar enige iets is wat u voel die leerkragte moet weet, is 'n vinnig nota in die Dagboek voldoende. Ons neem streng standpunt in om te verseker dat Huiswerk op die korrekte dag voltooi is. SMSe sal aan ouers gestuur word om hulle te laat weet wanneer kinders huiswerk afskeep.

GRAAD 7 2010

Ons Graad 7 Leiers het hulle finale jaar in Primêre Skool op 'n baie positiewe noot begin. Ek het gisteraand met Graad 7 ouers gesels, maar aangesien daar min van hierdie ouers teenwoordig was, sluit ek sekere belangrike inligting in:

Ons Graad Sewe jaar is uniek aan St Paulus. Ons belê tyd, energie en kundigheid daarin om ons leerders leierseienskappe en belangrike lewensvaardighede te leer, wat hulle sal toerus vir die strawwe Hoërskooldae, en om hulle die nodige gereedskap te gee om eweknie-druk te hanteer. Ons jongmense het hulle eerste Leierskap Werkswinkel gehad, en die Rich Ranch ondervinding is ontwerp om 'n spesiale verbintenis binne die groep te vorm, en sodat hulle die belangrikheid en waarde van samewerking en die ondersteuning van die SPAN kan aanleer.

"Saam Bereik ons Almal Meer." Al die Graad Sewes het die geleentheid om twee LLK wapens te verdien, en sodra dit verdien is, sal hulle volle LLK voorregte geniet. Ons is ywerig om hulle te ondersteun om altwee die wapens teen die einde van die Eerste Termyn te hê. Hulle het 'n lys van spesifieke maatstawwe om te bereik. Hierdie maatstawwe is binne bereik vir almal wat moeite doen in hierdie verband. Hulle kan hulleself meet aan maatstawwe en met leerkragte praat as hulle bystand of leiding wil hê. Ons het ook die onverhandelbare faktore (dié wat glad nie geduld sal word nie), vir hulle uitgestip. Dit sluit die minagting van onderwysers, ontwrigting van klasse, asook afknou, jok, steel of verkul in. Ons neem ook sterk standpunt in teen die afskeep van huiswerk op Graad Sewe vlak. Kinders wat hulle skuldig maak aan enige onaanvaarbare gedrag sal onmiddellik uit klasse verwyder word en hulle ouers sal gekontak word. Hulle sal ook hulle wapens moet teruggee. Ondersteun ons asseblief hierin aangesien ons hierdie jaar 'n veilige, gelukkig, positiewe groei- en leer-ondervinding vir al ons Graad Sewes wil maak, en dit hang af van of ons in 'n gedissiplineerde omgewing werk waarin die kinders die "Respek vir Self en Ander" slagspreek aankleef. Ons wens ons LLK leiers 'n veilige en prettige Graad Sewe Kamp toe. Dankie aan ons HVD's, Mev Lizette van Zyl en Mev van der Wielen, asook Me Ella van Zyl en Me Vosloo, wat die Graad Sewes gaan vergesel. Ek sal Donderdag by hulle aansluit, veral om die groep konserte vir die aand te waardeer, en ons sal almal Vrydag teen 13:30 terugkeer.

WELKOM

Ons verwelkom graag die volgende nuwe personeellede:

Me Tarryn Deetlefs – Graad Een

Me Yolanda Collins – Gespesialiseerde Afrikaanse onderwyseres

Me Brenda Oosthuizen – Voorskool Nasorg Toesighoudster

Me Anél Cloete as Voorskool Assistant

Mnr Michael Hamlett as Nasorg Afrigter vir die senior seuns

Mnr Jan Matemotja. Hy is die skool se aangewese drywer. Hy woon op die perseel in die woonstelletjie en tree ook op as na-ure Opsigter.

NUWE OUERS SOSIALE BYEENKOMS
Al die Graad Een ouers, en nuwe ouers van Graad 00 tot Graad Sewe word uitgenooi om op 3 Februarie die "Nuwe Ouers Verwelkomingsaand" – wat deur die OOV aangebied word, by te woon. U sal mettertyd 'n persoonlike uitnodiging ontvang. Maak asseblief 'n nota van hierdie geleentheid.

OM TE ONTHOU
Donderdag is "Herwinningsdag". Onthou om alle herwinbare items te "wash" en "squash" en elke Donderdag na die Herwinningsdorpie te neem.

Om 'n Makro en "My School" kaart in St Paulus se naam te hê, en hierdie kaarte te gebruik wanneer u daar inkopies doen, is tot finansiële voordeel van St Paulus. Vir meer inligting, kontak asseblief u OOV Verteenwoordiger, of Ilze Venter.

Personeelparkering: Moet asseblief nie op die personeel se parkeerplekke parkeer nie. Gisteraand het 'n paar leerkragte wat hulle eie kinders gaan haal het voor die Ouer-aand, teruggekeer en ontdek hulle parkeerplekke was reeds beset.

GELUKWENSE
Milan Erasmus en Lucca Swart het uitgeblink by die onlangse Gauteng-Noord Lewensreddings-kampioenskappe, met onderskeidelik Eerste en Tweede plekke in die vele items. Baie geluk, Seuns!

Hannah Rütsch, tweede dogter vir John en Olga en suster vir Lili, is op 8 Januarie gebore. Ons verwelkom haar in die St Paulus familie.

MELICAN MULTIMEDIA SENTRUM
Kommentaar van ons senior leerders:
Ashley: "The Library looks far better than a public library!"
Selwyn: "Ek is so beïndruk met die nuwe biblioteek."

Bravura Musiek Akademie *is weer op dreef. Kontak Altus Muller (072 0779 271) of Cynthia van der Mescht (084 5488 293) vir meer inligting, of kry 'n kopie van hulle inligtingsbrief by die Skoolkantoor.*

Mag u 'n vredevolle naweek saam met u kinders hê!

VOLGENDE WEEK
Vrydag, 22 Januarie
Begin-van-die-Jaar Mis
Maandag, 25 – 29 Januarie
Gr. 7 Kamp
Krieket by Rietondale:
O/13 A & B
Dinsdag, 26 Januarie
Krieket by Lyttelton:
O/13 A & B
Woensdag, 27 Januarie
Krieket by Lyttelton:
O/11 A & B teen Rietondale
O 10 A & B teen Rietondale
Donderdag, 28 Januarie
Krieket by Rietondale:
O/9 A

SPORTS DEPARTMENT:
Mr Mark Webster:
(012) 804-9095 (phone and fax)
078-740-1992
e-mail: sport@stpaulus.co.za